**Boeremusiek titels…**

Ek staan telkens verstom as ek ‘n plaat van een af ander Boeremusiek orkes in die hande kry. Daar’s altyd so paar goed wat sonder uitsondering opval:

Die eerste is die onmiskenbare uitdrukkings op die orkes lede se gesigte: Oor die algemeen lyk hulle soos ‘n span wat op pad is vir ‘n groep prostaat onderdoek. Op Loftus. By die afskop kolletjie op die middellyn. Tydens halftyd. Tydens die eindstryd tussen WP en Noord Transvaal….Om hulle van stralende vreugde en geluk te beskuldig, sou dinge heeltemaal te ver neem.

Die lewenslus en opgewondenheid ‘ooze’ eenvoudig uit die perde uit. Ek probeer altyd dink wat hulle hulself wysmaak as hulle die kiekies van die plaat se ‘cover’ gade slaan.

Lyk hulle vir hulself kunssinnig? Of vroom? Of konserwatief? Ek wonder soms - het dit iemand al opgeval dat ‘n kiekie van ‘n skaap of iets op die voorkant dalk meer plate sou verkoop? Met ‘n skaap of dergelike op die voorkant is daar immers die kans dat een of ander driftige koper met swak impulsbeheer die plaat kon aansien vir ‘n program om ‘n vegetariese gewoontes mee af te sweer…

Besides… Wie koop sulke plate?

Dan is daar die eiesoortige opvattings van wat deugaan as modieuse kleredrag. ‘n Kakie broek, of jeans wat ontwerp is met ‘n dorsmasjien ingedagte, check hemp, vellies, lap hoed, en onderbaadjie gesny uit een of ander stuk gordynlap, is as ‘n reel die norm. Goed wat pas, of kleure wat inskakel, is blote toeval.

En dan kom die eintlike sitter: Die liedjies se titels…

Kyk. Ek het oor jare se noukeurige betragting tot die gevolgtrekking gekom dat perskemampoer ooglopend nie dieselfde uitwerking op kreatiewe denke het as byvoorbeeld zol … of rooiwyn nie. Glad nie.

Waar de moer kom skynbaar regdenke mense aan sulke titels vir "musiek" - wat op 'n pens-klavier, haleleua pomp (ook bekend as Krismis Wurm), koddige banjo kitaartjie, soms 'n ras-egte houtsaag, en olie drom met 'n styf gespande beesvel oor, opgetower is??? Het julle al gelet op sommige van die titels?

- Die kraalmuur krater vastrap sitees…
- Die polkadraai windpomp moersleutel skoffel…
- Die dorsvloer systappie sluipstap opskop…
- Die kapater hamel wolkop lang-arm lekkerte…

Die mense wie hierdie titels uitgedink het, loop tussen ons rond, mense! Los, sonder toesig of halsbande… Is dit net ek wat diep bekommerd is?

Op daai noot:

So kry 'n klomp Suidwes klonge jare gelede 14 dae pas – jou "lang verlof" - in jou tweede jaar van diensplig. In die eerste jaar was daar 'n '7 days', en in jou tweede en laaste jaar van diensplig – '14 days'.

It was alles baie gaaf en goed.

Wat die "shine" van so lang tyd in siwwie straat kennelik gedemp het, was goed soos die feit dat Ometea, Rundu, Katima Mullilo, Fort Doppies, 201, 101, Fort Rev, Ondangwa basis – en dergelike - bleddie ver van plekke soos Kaapstad, PE, en Durban af was. Soos in ligjare ver. En dan nog so entjie.

Die probleem is verder gekompliseer deur die feit dat jou Army pay gewissel het tussen R100 en R180 per maand. Om dinge selfs verder te

vererger, het treine in daai dae teen 40 km/h voortgesnel, en boonop bitter ongereeld … Dis herinner aan die slak wat op die skilpad se dop gery het, en heelpad sos ‘n klein dogtertjie gegil het van die adrenalien rush.

Die effek was dat jou 7 of 14 dae pas lankal oor sou wees voor die bleddie trein Keetmanshoop verby gesteek het op pad “States” toe… En as daar nou een ding was waarvoor enige samajoor ‘n legendariese tekort aan empatie of begrip voor gehad het, was dit ‘n troep wat laat van pas af kom aanmeld: Eina. Groot eina.

Die gevolg was dat jy maar met van die Suidwes manne maats gemaak het, en so het klompe van ons, inname na inname dan ook ons “verlof” in Suidwes deurgebring – op plase, in die dorpe, by die Kus, ensomeer. Huistoe gaan – as jou huis êrens in Suid Afrika was, was nie so eenvoudig vir die manne in die kampe in die verre Noorde van Suidwes nie.

So breek daar toe vir ‘n groep van een van die Noordelike eenhede ‘n lang verlof pas aan, en so vang hulle toe ‘n ‘lift’ saam met ‘n konfooi Army lorries Windhoek toe. Daar het een van die perde ‘n kar gehad, en so is so ses-stuks vanaf Windhoek padlangs Karibib toe, waar die een ou se ouers gewoon het.

Hulle het die pas – en lekkertes - noukeurig beplan. Die kontrei se boere is genooi na ‘n dans in die Posduifsaal die Saterdag, en die Army manne het ‘n regte “DJ” (dit klink sedert die 70’s aansienlik beter en meer gewaagd as “platejoggie”) uit Windhoek gereel om die musiek te kom maak.

Die tannies het vir dae voor die fees begin vetkoek deeg aanmaak, lammers is geslag en ingelê, genoeg bier is by Suidwes Brouerye bestel om die Titanic te laat dryf, lorrievragte braai hout is aangery. Die hubare

niggies het vir hulle nuwe sykouse en linte vir hul polkadot rokke gaan aanskaf.

‘n Gesselligheid van epiese proporsies is beplan. Vir wanner die Manne van die Grens af huistoe kom. Dit was so fenominale gedeelte van ons Afrikaners se bestaan… Wanneer die manne Grens toe gegaan het – en terug gekom het…

Van partytjie hou, kon niemand plattlandse feeskommitees iets wys maak nie. Daai was die Boere se werk. Wat vreemd en nuut en effe gewaagd was, was die hele ‘DJ’ gedoente…

Dit was net hierdie kant van Volksvreemd, en die Kerk was nog nie naby enige vorm van konsensus op sulke nuwewedse gewoontes – of popusiek nie…

Daar was rondgaande manne in vaalblou safari pakke, met ferm uitdrukkings, Bryl-cream in die kuiwe, en kamme in hul sokkies, wie vir skoolkinders en VLV vergaderinges gesaghebbend kom toespreek het oor die euwel van popmusiek - en die losbandigheid wat dit kan ontketen. Wat meestal bedoel was om mense af te skrik, en gillend met die Bybe onder die blad in die pad te laat afhol, het weer vir ander soos ‘n heel deftige gedagte begin lyk… Die hoop beskaam nie sommer nie. En daar êrens staan immers mos iets van ‘beproef alle dinge’, nie waar nie?

Die besoekende groep manne van die Grens, se wense en lus om biejtie hul hare te laat uithang, het klaarblyklik swaarder geweeg as die bekrompe bekommernisse van die sede-bewakers van die dorp, en so is daar tydens die kort stop in Windhoek ‘n kontrak met die ‘DJ’ geteken, en die gewensde deposito is betaal.  ‘n Tyd is met die musiek guru afgespreek: 6 uur in Karibib se Posduifsaal. Tot 12 uur. Hierdie Saterdag.

Verder het die manne vanaf tiekiebokse die nuus deurgebel Karibib toe: Die fees van die jaar was in wording! Met ‘n regte, egte ‘DJ’. Vanuit die polsende hoofstad: Windhoek!

By die Posduifsaal is daar daai Saterdag vanaf dagbreek voorbereidings getref. Die saal is uitgevee, die dansvloer is met meel besprinkel, die tafels is uitgepak, die kos is aangery, die drinkgoed is koud gemaak, en krag is aangelê saal toe vir die ‘DJ’ se behoeftes.

Om 4uur die middag is die vure aangesteek, en net voor 6 die middag, toe stop die hippie, duck-tail ‘DJ’ daar met sy Flower-Power VW Kombi, kompeet met grammefoon, en ‘n hele vier plate: Bles Bridges, Ge Korsten, Jim Reeves en Four Jacks and a Jill (later ook alom bekend as Vier Latte en ‘n Platte).

Die paartie het op geen vlak teleurgestel nie. Alles was feestelik, lekker en gemoedelik. Die brandewyn het vrylik gevloei, daar is gedans dat die hoenders agteruit vlieg.. tot 10 uur toe. Toe tree daar ‘n tegniese probleem in: Die ‘DJ’ pak toe onseremonieel sy grammefoon en plate in die kombi, en maak aanstaltes om te ry… Soos een man storm die besoekende Grenshelde toe op die swaap af en vra wat hy maak. Die paartie was in volle swang, die wyn loop oop, en skielik is die musiek stil, en die ‘DJ’ staan op die punt om te AWOL.

Die manne wys die perd toe daarop dat hulle hom tot 12 uur toe gehuur het. Hy op sy beurt (hy was vir ‘n hele semester op Stellenbosch se regsfakulteit) wys hulle toe daarop dat die kontrak lees dat hy 12 uur terug in Windhoek sal wees: Nie 12 uur ophou speel nie. En – voer hy toe verder aan – dis byna 3 uur te ry terug Windhoek toe, so eintlik kan hy die ‘penalty clause’ gebruik om ‘n addisionele R30 oortyd te ‘charge’…

Pandemonium.

Van die boere het vanaf Omaruru, Usakos, Okahandja en selfs Otjiwarongo gery vir die paartie – onder die duidelike indruk dat ‘n regte ‘DJ’ tot 12 uur sou musiek maak.

Boereverneuk is nie iets wat in ons DNA ligtelik verdra is nie… Al vir generasies nie. Hierdie was ‘n resep met plofbare potensiaal. ‘n 130 kilogram Boer, gemeng met Klipdrift en Coke, wat skielik verneuk voel, is NIEMAND se maat nie. Veral nie as MAMMA – of niggie - met ‘n bewende lippie vir PAPPA vra om die situasie te gaan AANSPREEK of beredder nie. Gaan vra enige Kakie… HKGK. Baie ghwano - in ‘n groot ventilator…

Skielik - net daar - besef die Grens manne toe – nes die verradelike kombi se een werkende agterlig in die stofwolk verdwyn: ‘n Lang haas moet spoedeisend uit ‘n baie vlak hoed getrek word.

Die een – ‘n offisier terug in die basis – en van nature daartoe aangelê om die woord te voer, klim toe op die verhoog, en deel almal mee dat die ‘DJ’ eintlik net die voorvertoning was, en dat die hoof vertoning binnekort die verrigtinge sal voortsit…

Enige iets om tyd – en ‘n lewensverwagting van soorte te koop, ne…

Na ‘n kort beraadslaging maak ‘n haas van soorte toe sy opwagting uit ‘n besonderse vlak hoed:

Die een Karibib man onthou toe dat die Stasiemeester (wie tot hul aansienlike spyt nie genooi was nie) en wie so 15 myl daarvandaan in ‘n rooistoep siersteen Spoorweg huisie langs die treinspoor woon, ‘n Krismis Wurm kan speel… Redelik goed ook.

Daar was net ‘n uitdaging of twee:

Enrsyds is 15 myl … wel 15 myl. Dis 30 myl soontoe en terug, en die kollektiewe moer-meters in die saal was reeds aan die draai… Tweedens

was die Oom besonders kort van draad. Dit was nie die sagmoedige ommegaan met mense, wat vir jou in die Spoorweë Karibib toe verplaas gekry het nie. Die Oom was anderkant bedonnerd, en dit was ook alom bekend dat hy met ‘n haelgeweer in sy katel geslaap het…

Maar hy KON ‘n Krismis Wurm speel…

So spring drie van die manne toe in ‘n bakkie, gewapen met ‘n vars liter bottel Klipdrift – (horlosie olie) – en jaag ore in die nek na die Omie se huis in die vlaktes, langs die treinspoor…

Daar aangekom, stop hulle toe het buite – wat hulle toe reken die effektiewe aanwendingsafstand van ‘n haelpomp was, - en een met die dikste jas aan klim toe uit met die bottel Klipdrift in die hoog voor posisie, gaan staan voor die bakkie se ligte, en begin die Oom roep, terwyl die ander in die bakkie op die toeter lê, en net-net oor die dashboard loer.

Nie lank daarna nie, kom die Oom toe te voorskyn – in sy lang, wit nagjurk, (daai lang nagrokke wat mans doerie jare gedra het – en wat toe later heelwat korter geword het, met sulke strikkies agter op – wat nou hoog mode in enige hospitaal is), mus met tossel op – en haelgeweer… Reg om baie lood, met eentonige reëlmaat, baie ver te laat trek.

Met die GENADE van BO, sien hy toe die vredesoffer – die liter bottel Klipdrift, en laat sak toe die roer, net lank genoeg dat die manne hul ellende vir hom kon verduidelik.

Op Spoorweg ‘pay’ was ‘n hele liter Klipdrift nie te versmaai nie, en die Oom is net daar oortuig om net die Krismis Wurm te gryp, en in die bakkie te spring. Daar was nie tyd vir ander klere nie. Hy moes kom soos hy is – met beloftes van nog ‘n bottel later die aand. En so sit die manne to weer die stuk in terug Posduifsaal toe. Oop en toe, en plekke vlieg-vlieg.

Daar aangekom, het hulle die Oom – wie toe al halfpad deur die flessie Spoorweg koffie is, onserimonieel op so riempiesbankie op die verhoog sit gemaak, en op 'cue' sit hy toe die stuk in met 'n lekker vastrap skoffel nommertjie. En net daar is die aand gered, en baie sinnelose bloedvergieting is die feeskommittee gespaar, soos die note van die Krismis Wurm die aand se verrigtinge verder laat vlot het.

Die grensende tannies en niggies was sommer weer in 'n japtrap op die dansvloer, knipmesse, pikstele en koevoete is gebêre, en die dansvloer was weer druk besig, soos die soet melodieë van die Miskraal Draadhek Vastrap, die Listerenjin Knormoer Opskop, en die Drieleliefontein Spuitfontein Afvoerpyp Sitees se note die nag gevul het…

Toe die een lid van die (byna wyle) feeskommittee weer op so kol by die Oom op die riempiesbank op die verhoog verby dans, merk hy 'n gemmerkat wat onder die riempiesbankie lê, en met sy poot so speels kap-kap na iets bo hom.

Toe hy die tweede keer daar verby dans, en so ongesiends moontlik oor die niggie se skouer na die kat se vreemde optrede kyk, tref die ondenkbare hom: Die kat se geesdrif vir die speletjie was duidelik aan die toeneem. Toe lê die kat al op sy rug onder die riempiesbankie, en kap met beide voorpoortjies om die beurt na iets bo hom…

Net daar voel enige man mos eergebonde om 'n Broer in verdrukking die vernedering te spaar. Maar die uitdaging – en kuns - is om dit op so manier te doen dat jy enersyds nie die Broer embarresseer nie, en andersyds dat jy hom op so manier inlig dat ander mense nie agterkom jy wys hom op die potensiële bron van openbare vernedering nie. Delikate aangeleenthede daai…

So, toe hy weer so by die verhoog verby dans, roep hy toe die Oom, maar op so manier dat dit moet klink asof hy sy keel skoonmaak of proes, of iets: Onsuksesvol.

Op die volgende rondte, roep hy effe harder: “OOM!” Maar die Oom was toe al effe hardhorend, en eers met die vierde of vyfde verby dans slag kon hy toe daarin slaag om die oom se aandag te trek, en met sy oë te probeer verduidelik van die ontwikkelende probleem onder die riempiesbank.

Maar die Oom was nie vlug van begrip nie, en die feit dat die eerste flessie Klipdrift toe al ooreenkomste met Sossusvlei getoon het, het nie gehelp nie. Die Oom kon net nie die bedoeling en woorde van die danser aanmekaar las nie. Met elke draai wat die kêrel by die Oom verby gedans het, het die Oom meer geïrriteerd geraak – al die animasie, gesigsuitdrukkings en uitroep van “bal” … “B-A-L!!” kom hom net nie die erns van die situasie laat snap nie.

Die gemmerkat was mateloos vermaak, en die Oom was mateloos onbewus…

Toe die liedjie uiteindelik verby is, skarrel die outjie toe na die Oom toe, wie toe al diepsinniglik de moer in was.

Die Oom was eerste met: “Wat de donner is dit met jou?”

Dit was tyd vir padlangs praat:

“OOM….. JOU… KLINKERS…. HANG…. UIT” verduidelik die outjie toe.

Dit het die Oom so tydjie gevat, terwyl hy die mannetjie stip in sy oë aangekyk het. Jy kon sien sy tor was effe verward…

Na so tyd sê die Oom toe:

“Ok, Boetman. Neurie die liedjie net vir my, dan speel ek hom vir julle”.